SUNRIDGE VANDAG
CONJUNCTI CRESCIMUS
SUNRIDGE TODAY
25 October / Oktober 2024

Dear Parents

**Exams and Assessments**

We all understand the pressure and expectations at this time of the year as learners prepare for the last few weeks before exams and assessments. Although we have done our job well and believe that our learners are on track, it remains a challenge that do not take lightly.

This is an essential skill that is developed at primary school level and is applied at high school. This skill not only requires that a child must be able to focus and achieve the desired results but that teachers and parents support them and show patience.

It is vital to set up a time table for your child at home, taking everything into consideration. Focusing on the December holidays now is a mistake - to use them as a motivation is good but careful planning is the key.

A full eight hours of sleep is the foundation together with well planned rest and free time. Meal times and snack breaks are essential because good food and a well rested child ensure maximum performance. Staying healthy and acting responsibly is essential during this time - then it is only necessary for a study timetable for individual needs and the appropriate age group.

We will make recommendations and send home a proposed time table - **please adapt it to your child's needs and age. This** timetable is provided as a suggestion only and is not cast in stone.

Free and family time is important BUT planning for the family to provide support is the main goal. For matric learners it is a time they have prepared for, for 12 years BUT for primary school learners it differs vastly as Grade 1 and Grade 7 are poles apart. There is a big difference between ages 7 and 13 and 13 and 18.

School will close daily at 12:00 and we recommend children are fetched and taken home to allow them to study. There will be a study class from 12:00 - 13:00 for those with transport problems, after which they must be fetched. Please note that we only allow a 15 minute time period after 13:00 for children to be collected.

We do not offer aftercare and all staff will be in marking and moderation venues to ensure our exam and assessment marks are delivered to the Department of Education in time.

**Only learners with a valid medical certificate will be excused from writing an exam. Please note that "illness" is not a valid** reason and that your medical service provider must stipulate the medical condition as required. You must request and consent for an accurate and confidential certificate.

Please note that the percentage for successful completion in the intermediate and senior phase is between 40% and 60% of the exam mark. Do your utmost best in the exams - **they are not child's play.**

Millions of children have successfully coped with this time of the year - the key is a positive attitude.

**"We may encounter many defeats but we must not be defeated."** – Maya Angelou

Sunshine greetings
M DE VRIES
Principal

TAVCOR SUZUKI

MasterCard VISA

Follow us on FACEBOOK!
Like
Find us on Facebook

Geagte Ouers

**Eksamen en Assessering**

Ons almal het begrip vir die druk en verwagtinge gedurende hierdie tyd van die jaar, terwyl leerders voorberei tydens die laaste paar weke voor die eksamen en assessering.  Hoewel ons ons goed van ons taak gekwyt het en glo dat ons leerders op koers is, bly dit 'n uitdaging wat ons nie ligtelik kan opneem nie.

Hierdie is 'n noodsaaklike vaardigheid wat op laerskoolvlak ontwikkel word, want op hoërskool word dit toegepas. Die vaardigheid vereis nie net dat 'n kind moet kan fokus en die gewenste resultate behaal nie, maar ook dat onderwysers en ouers hulle moet ondersteun en geduld aan die dag moet lê.

Dit is noodsaaklik om 'n rooster vir u kind by die huis op te stel en dit is net so belangrik om alles in ag te neem. Dit is 'n fout om nou op die Desembervakansie te fokus – dit is goed om dit as motivering te gebruik, maar sorgvuldige beplanning is die sleutel.

'n Volle agt uur slaap is die grondslag, tesame met goed beplande rus- en vrye tyd.  Dit is noodsaaklik om 'n maaltyd- en snoephappieplan op te stel, want goeie kos met 'n goed uitgeruste kind verseker maksimum prestasie. Om gesond te bly en verantwoordelik op te tree, is noodsaaklik gedurende hierdie tyd. Dan is dit net nodig vir 'n studierooster vir individuele behoeftes en die toepaslike ouderdomsgroep.

Ons sal aanbevelings doen en 'n voorgestelde studierooster huis toe stuur – pas dit asseblief aan volgens u kind se behoeftes en ouderdom. Hierdie rooster word slegs voorsien as ondersteuning en hoef nie slaafs nagevolg te word nie.

Vrye tyd en gesinstyd is belangrik, MAAR beplanning vir die gesin om ondersteuning te bied, is die vernaamste doelwit. Vir matriekleerders is dit 'n tyd waarvoor hulle 12 jaar lank voorberei het, maar vir laerskoolleerders is dit 'n perd van 'n ander kleur, want Gr 1 en Gr 7 verskil hemelsbreed. Daar is 'n groot verskil tussen 7 en 13 en dan 13 en 18.

Die skool sal daagliks om 12:00 sluit en ons beveel aan dat kinders huis toe geneem word om die studierooster te volg. Indien daar vervoerprobleme is, sal die leerders van 12:00 tot 13:00 na die studieklas geneem word, waarna hulle gehaal moet word. Neem asseblief kennis dat leerders binne 15 minute ná 13:00 gehaal moet word.

Ons bied nie nasorg aan nie en alle personeel sal in die merk- en modereringslokale werk om te verseker dat ons eksamen- en assesseringspunte betyds aan die Onderwysdepartement gelewer word.

Slegs leerders met 'n geldige mediese sertifikaat sal verskoon word van eksamen skryf. Neem asseblief kennis dat "siekte" nie 'n geldige rede is nie en dat u mediese diensverskaffer die mediese toestand soos vereis moet stipuleer. U moet daarvoor vra en toestemming gee vir die akkurate en vertroulike sertifikaat.

Neem asseblief kennis dat die persentasie vir suksesvolle voltooiing in die intermediêre en senior fase tussen 40% en 60% van die eksamenpunt is. Doen jou uiterste bes in die eksamen – dit is nie kinderspeletjies nie.

Miljoene kinders kry hierdie tyd van die jaar suksesvol onder die knie – **die wagwoord is 'n positiewe ingesteldheid.**

**"We may encounter many defeats but we must not be defeated."** – Maya Angelou

Sonskyngroete
M DE VRIES
Skoolhoof

TAVCOR SUZUKI

MasterCard VISA

Follow us on FACEBOOK!

Like

Find us on Facebook

## LEARNER ACHIEVEMENTS / LEERDERPRESTASIES

*If not a school event, official results must be emailed to wendy@sunridge.co.za within one week of the event.*
***Indien nie 'n skoolaktiwiteit nie, moet uitslae binne** een week na wendy@sunridge.co.za gestuur word.*

**SWIMMING:** Freda Barnard Gala - **Jacques Claassen** (10) gold 50m, 100m & 200m backstroke, bronze 200m & 400m freestyle, **André Strydom** (12) 2nd 50m & 100m breaststroke, 3rd 50m freestyle. B Age Group Gala - **Bellamé Mostert** (13) 1st 50m butterfly, 50m breaststroke, 50m & 100m freestyle and 100m breaststroke, **Elle Roth** (12) 2nd 50m backstroke and 100m breaststroke, **Adam Roth** (9) 3rd 50m freestyle, **Ethan Els** (12) 3rd 50m freestyle, **Liané Muller** (11) 3rd 50m butterfly, **Luzay Gerber** (8)1st 50m backstroke, 50m breaststroke & 50m freestyle, **Riandi Muller** (11) 2nd 100m breaststroke, **Tyla Grobler** (9) 1st 50m breaststroke, 2nd 50m freestyle, **Rianco Bekker** (9) 3rd 50m breaststroke. NMBA 4th A League Gala - **André Strydom** (12) 1st 100m backstroke, 50m backstroke, 2nd 50m butterfly and 100m breaststroke.



**- Brendon Wright -**
National winner of the
Radikale Redenaars Competition
in the English Poetry section.

## SOMERSPORTFOTO'S/SUMMER SPORT PHOTOS

Somersportfotodag is Donderdag 31 Oktober 2024. Leerders moet asseblief skool toe kom met hul korrekte someruniform, met somersportklere in 'n LO-sak.

Summer sport photo day is Thursday, 31 October 2024. Learners must please come to school dressed in correct summer uniform and bring their summer sport clothes in a sports bag.



# YEARBOOK 2024

**TO ADVERTISE IN THE YEAR BOOK PLEASE EMAIL MRS GARDNER**
**wendy@sunridge.co.za**

## OPTIONS AND PRICES

| | |
|---|---|
| FULL PAGE A4 COLOUR ADVERT (PORTRAIT) | R4,000.00 |
| 1/2 PAGE COLOUR ADVERT (LANDSCAPE) | R2,000.00 |
| NAME ONLY ON THE BOTTOM OF THE PAGE | R300.00 |

**ALL PAYMENTS AND ARTWORK TO BE RECEIVED BY THURSDAY, 31 OCTOBER 2024**

**ALL OPTIONS INCLUDE A YEAR BOOK**

# ONE ONLY!

**(FIRST COM**

**FULL PAG BACK COVER OF THE YEAR BOOK R6,000.00**

SOLD - THANK YOU!







# PHOTO GALLERY / FOTOGALERY


WINNERS - SINGING


OVERALL WINNER


WINNERS - DRAMA

**SUNRIDGE'S** GOT TALENT!


WINNERS - INSTRUMENTAL


WINNERS - DANCE
















# KEN U PERSONEEL

## FOKUS OP: *Kelly Schoeman*

**VROEËRE LEWE**: Ek is gebore in Port Elizabeth. Ek was op Laerskool in Sunridge gewees, en het matrikuleer by Hoërskool Framesby.

**GESINSLEWE:** Ons is ‘n gesin van 6 waarvan ek die jongste van 4 kinders is. Ek het 2 broers en 1 suster. Interessante feit … ek word al my hele lewe lank “Vlekkie” genoem deur my familie.

**LOOPBAAN:** Ek het direk na my matriekjaar by Unisa begin studeer vir onderwys in die Grondslagfase, en het dadelik die geleentheid aangegryp om as student by Laerskool Sunridge te werk. Ek is nog ‘n “baba” in die loopbaanlewe, maar sien uit na elke tree wat ek nog in die toekoms gaan neem.

**PRESTASIES:** Een van my grootste mylpale is dat ek die voorreg gehad het om SA te verteenwoordig in Kroasië vir dans toe ek 12 jaar oud was. Ek was ook gekies om SA in Portugal te gaan verteenwoordig, maar weens die Covid epidemie was dit gekanselleer. Ek was gekies as deel van die leerlingraad in Sunrdige toe ek in 2018 in Graad 7 was, en het ook my erekleure vir dans ontvang. Ek was in Hoërskool Framesby as Huiskaptein vir Huis Vis gekies in 2023.

**INTERESSANTE FEITE OOR MYSELF:** Ek het ‘n groot ding vir kamp en visvang. As ek kan kies, wil ek langs die water sit met ‘n stok in my hand en biltong langs die kant. Ek het ‘n paar weke terug in Juffrou de Vries se klas beide my en my broer se Gr.3 verfpalette in die kas gevind. Ek is Bok van Blerk se nommer 1 ondersteuner. Ek is BAIE sleg met messe…ek het vroeër hierdie jaar ‘n mes regdeur my hand gedruk toe ek ‘n avo se pit wou verwyder.

### Beantwoord asseblief die volgende vrae:

1. **Wat was jou gunsteling TV-program toe jy grootgeword het?** 7de Laan en Lollos.
2. **Het jy enige vreemde fobies?** Moet nie ‘n mot of ‘n kokkerot naby my bring nie. Dit is die 2 grillerigste insekte wat bestaan.
3. **Is jy verslaaf aan enige vreemde stokperdjies/ aktiwiteite?** Ek het geen vreemde stokperdjies nie, alhoewel ek mal is daaroor om my eie konkoksie van kosse te maak.
4. **As jy enige superkrag kan hê, wat sou jy kies?** Om mense se gedagtes te kan lees.
5. **Wat is die eerste ding wat jy van ‘n mens raaksien?** Mense se oë en hulle glimlag.
6. **Wat was die ergste straf wat jy op skool gekry het?** Ek was nooit erg gestraf nie, maar daar is amper elke dag met my geraas oor ek te veel praat of sing in die klas.
7. **Wat, of wie, is jy ‘n geheime aanhanger van?** Bok van Blerk (Jy kan nie sê jy ken my as jy nie dit weet nie).
8. **Wat is die drie dinge wat jy nog in you lewe wil doen?** Ek sal graag wil valskermspring, haaihokduik en reis na Switserland. (Ek het reeds rekspring in Mosambiek gedoen, asook geduik en met dolfyne geswem. Dit was ‘n belewenis.)
9. **Wat is die ergste troeteldier wat jy ooit gehad het?** ‘n Hamster (Archie). Hy het verdwyn uit sy hok uit en was toe weer gevind in my broer se krieketsak, nadat my ouers vir my ‘n nuwe een moes koop sodat ek nie agterkom hy is weg nie.
10. **Wat verkies jy? A.Strand** of Bos **B.Braai** or Pizza **C.**Winter of **Somer** **D.** Flieks of **Reekse**



# KEN U PERSONEEL

## FOKUS OP: *Jene van der Merwe*

**VROEËRE LEWE**: Ek het groot geword in Uitenhage waar ek ook Laerskool Handhaaf bygewoon het. Na dit het ek Hoërskool Brandwag toe geskuif en ook daar gematrikuleer. Ek het netbal deur my hele laerskoolloopbaan gespeel en hokkie in hoërskool.

**GESINSLEWE:** Ek het twee liefdevolle ouers en n suster wat een jaar jonger as ek is. Ons het tans vier honde wat ook as kinders in die huis gesien word.

**LOOPBAAN:** Ek het laasjaar gematrikuleer en die jaar n studentepos by Sunridge Primêre Skool gekry. Ek is tans besig om deur Unisa te studeer, waar ek hoop om my B.Ed Grondslagfase Graad te ontvang.

**PRESTASIES:** Ek was onderhoofdogter in laerskool, sowel as leerlingraad in hoërskool. Ek het eerste span hokkie in Graad 11 en matriek gespeel.

**INTERESSANTE FEITE OOR MYSELF:** Ek kan glad nie met skoene aan ry nie.

.

### Beantwoord asseblief die volgende vrae:

1. **Wat was jou gunsteling TV-program toe jy grootgeword het?** Teen Beach Movie
2. **Het jy enige vreemde fobies?** Ek het n groot vrees vir hospitale.
3. **Is jy verslaaf aan enige vreemde stokperdjies/ aktiwiteite?** Nee, nie wat ek as "vreemd" sien nie.
4. **As jy enige superkrag kan hê, wat sou jy kies?** "Mindreading"
5. **Wat is die eerste ding wat jy van 'n mens raaksien?** Hoe hulle teenoor verskillende mense optree.
6. **Wat was die ergste straf wat jy op skool gekry het?** In Graad R moes ek in die gang gaan sit omdat ek die Juffrou met klei gegooi het.
7. **Wat, of wie, is jy 'n geheime aanhanger van?** Burger King se mozzarella sticks.
8. **Wat is die drie dinge wat jy nog in you lewe wil doen?** Ek wil nog baie graag Griekeland, die Maldives en Bora Bora besoek.
9. **Wat is die ergste troeteldier wat jy ooit gehad het?** Geen, ek was mal oor elke troeteldier wat ek gehad het.
10. **Wat verkies jy? A.Strand** of Bos **B.**Braai or **Pizza C.**Winter of **Somer D.** Flieks of **Reekse**



# CRICKET RESULTS

| TEAM | OPPONENT | RESULT | PLAYER OF THE MATCH |
|---|---|---|---|
| 13A | | | |
| SEMI FINAL | | | |
| FINAL | | | |
| U/13A | | | |
| U/13B | | | |
| U/13B | | | |
| U/13C | | | |
| U/13D | | | |
| U/11A | | | |
| U/11A | MUIR | Won by 167 runs | FLIPPIE SMIT |
| U/11B | | | |
| U/11C | SUMMERWOOD B | Won by 8 wickets | JESSE DORFLING |
| U/10A | SUMMERWOOD | Lost by 33 runs | TY REDLINGHUIS |
| U/10B | GREY C | Lost by 79 runs | DYLAN OOSTHUIZEN |
| U/9A HARDBALL | | | |
| U/9A MINI | | | |
| U/9B MINI | | | |
| U/8A | | | |
| U/8B | | | |

# TENNIS RESULTS

| TEAM | OPPONENT | RESULT | PLAYER OF THE MATCH |
|---|---|---|---|
| 1ST TEAM BOYS | | | |
| 2ND TEAM BOYS | | | |
| 1ST TEAM GIRLS | | | |
| 1ST TEAM GIRLS | | | |

# PRICE LIST OCTOBER 2024

| NEW ITEMS FOR SALE | PRICE |
|---|---|
| *BLAZERS* | R650.00/ R665.00 |
| *SCHOOL DRESSES (6,7,8,9,10,11,12,13,14,15,16,17,18, 19, 20)* | R325.00 / R455.00 |
| *L/ SLEEVE NAVY SCHOOL JERSEYS (24, 26, 28, etc)* | R270.00/ R300.00 |
| *POCKET BADGES FOR BOYS SUMMER SHIRTS* | R30.00 |
| *LONG GREY SCHOOL SOCKS (9-12, 13-3, 4-7, 8-10, 10-12)* | R75.00 |
| *BOYS TIE* | R120.00 |
| *PT GOLF SHIRT (5-6, 7-8, 9-10, 11-12, 13-14, S, M, L , XL, 2XL)* | R210.00 / R220.00 |
| *HOUSE SHIRTS (5-6, 7-8, 9-10, 11-12, 13-14, S, M, L, XL ,2XL)* | R210.00 / R220.00 |
| *RIPSTOP JACKETS (7-8, 9-10, 11-12, 13-14, S, M, L, XL)* | R420.00/ 450.00 |
| *RIPSTOP PANTS (7-8, 9-10, 11-12, 13-14, S, M, L, XL)* | R295.00/ R315.00 |
| *GIRLS PT SHORTS* | R160.00 / R175.00 |
| *BOYS PT / RUGBY SHORTS* | R170.00 / R180.00 |
| *GIRLS HOT PANTS* | R100.00 |
| *NAVY STOCKINGS (5-6, 7-8, 9-10, 11-12, S, M, L)* | R85.00 |
| *POLAR FLEECE BLANKETS* | |
| *GR 7 NAVY PULLOVER (87, 92, 97, 102)* | R255.00 / R270.00 |
| *GR 7 WHITE PREFECT PULLOVER (87, 92, 97, 102)* | R255.00 / R270.00 |
| *RAMBLE SCHOOL BAG BRANDED* | R760.00 |
| *RAMBLE SCHOOL BAG UNBRANDED* | R720.00 |
| *LETTER LADY JUNIOR BAG* | R460.00 |
| *SPORT TOG BAG* | R325.00 |
| *RAMBLE DUAL SPORT BACK PACK (TENNIS/HOCKEY)* | R350.00 |
| *SCHOOL PEAK CAPS* | R85.00 |
| *ORANGE SCHOOL SILICONE SWIMMING CAP* | R65.00 |
| *GIRLS/ BOYS BLUE HOCKEY SOCKS* | R90.00 |
| *U/13A GIRLS/ BOYS ORANGE HOCKEY SOCKS* | R90.00 |
| *WHITE ANKLE NETBALL/ TENNIS SOCKS* | R65.00 |
| *U/13A ORANGE ANKLE SOCKS NETBALL/ TENNIS* | R65.00 |
| *BOYS CRICKET SHIRTS (SUBLIMATED)* | R305.00/ R315.00 |
| *RUGBY JERSEYS (SUBLIMATED)* | R380.00/ R390.00 |
| *BOYS HOCKEY/ TENNIS SHIRT (SUBLIMATED)* | R300.00/ R305.00 |
| *BOYS HOCKEY/ TENNIS SHORTS (SUBLIMATED)* | R230.00/ R240.00 |
| *GIRLS NETBALL/HOCKEY/TENNIS TOP (SUBLIMATED)* | R300.00/ R305.00 |
| *GIRLS NETBALL/HOCKEY/ SKIRT (SUBLIMATED)* | R220.00/ R230.00 |

## TERMS AND CONDITIONS

- DEBIT OR CREDIT CARD PAYMENTS
- ALL PRICES SUBJECT TO CHANGE - PRICES ABOVE VALID WHILE STOCKS LAST
- ANY ITEMS RETURNED MUST BE IN THE ORIGINAL PACKAGING WITH LABELS AND INVOICE
- 30 DAY EXCHANGE POLICY